



Verwysing: 20200807-7415
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: V Madasi

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0007/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:
Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges,
Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

Onderwerp: Aflewering van graad R tot 9 Departement van Basiese Onderwys-werkboeke vir 2021

1. Soos uiteengesit in 'n brief van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) sal die DBO werkboeke vir die 2021 skoolkalenderjaar druk en aan alle openbare skole (gewone en spesiale) in die Wes-Kaap versprei.

Die volgende boeke sal direk by skole afgelewer word:

- Graad R-werkboeke;
- Grade 1 tot 6 Huistale;
- Grade 1 tot 3 Wiskunde in die taal van leer en onderrig (TLO);
- Grade 4 tot 9 Wiskunde in Engels en Afrikaans;
- Grade 1 tot 6 Eerste Addisionele Taal in Engels; en
- Grade 1 tot 3 Lewensvaardighede in die TLO.

Volume 1 vir 2021 (Kwartaal 1 en 2) en graad R sal vanaf 24 Augustus 2020 by alle skole afgelewer word.

Volume 2 vir 2021 (Kwartaal 3 en 4) sal vanaf 30 Oktober 2020 by alle skole afgelewer word.

2. Gedurende Maart 2020 moes die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die DBO van die geprojekteerde leerdergetalle voorsien vir werkboeke wat vir 2021 gedruk en afgelewer moet word. Die leerdergetalle wat aan die DBO verskaf is, was gebaseer op die betrokke Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) se inligting wat op daardie tydstip beskikbaar was.

3. Die getal werkboeke wat by elke skool afgelewer moet word, stem ooreen met die leerdergetalle wat deur die WKOD aan die DBO verskaf is. Die getal werkboeke per graad wat skole van die DBO vir aflewering kan verwag, kan op die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring-handboeke) se webblad op die WKOD-webwerf besigtig word. Die webwerfadres is <https://wcedonline.westerncape.gov.za/learning-and-teaching-support-material-itsm>.
4. 'n Riglyndokument wat die prosedure voor en tydens die aflewering van die werkboeke uiteensit, is by hierdie minuut as Bylae A aangeheg.
5. Wanneer die werkboeke deur die DBO-diensverskaffer afgelewer word, word daar van skole verwag om die getal werkboeke wat afgelewer is met die getalle wat op die bogenoemde webwerf verskaf is, te vergelyk. Enige aflewerings in verkeerde tale of tekorte moet op die afleweringsbewys (AB) aangedui en met die diensverskaffer wat die werkboeke namens die DBO afgelewer het, opgeneem word.
6. Die DBO plaas die AB's van elke skool oor op <http://www.schoolmaster.org.za> en distrikte word aangemoedig om toegang tot hierdie webwerf te verkry om hulle afleweringsbesonderhede te verifieer. Die skool se Onderwysbestuursinligtingstelsel-nommer (OBIS-nommer) kan gebruik word om op die webwerf aan te teken.
7. Gedurende Oktober 2020 sal alle skole waar handboeke afgelewer is, toegang moet kry tot SOBIS om die geprojekteerde leerdergetalle vir 2021 en die werklike getal werkboeke per vak en per graad wat van die DBO ontvang is, vas te lê. Tekorte en oorskotte sal sodoende geïdentifiseer en aan die distrikte deurgegee word. Die verslag sal op EduInfoSearch beskikbaar gestel word.
8. Die tersaaklike distriksamptenare sal vir die fasilitering van die verspreiding van werkboeke wat as tekorte aangewys is, verantwoordelik wees.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2020-08-21